Die nie-onderhandelbare praktyke in 'n goed beplande reproduksiestelsel

CMW Bestuurskursus opsommng. Opgestel deur John Melville (082 854 8795) en Giepie Calldo (082 468 3618)

Dubbeldoel eienskappe van Merino's

a) Met goeie bestuur en die wil van die Merino boer om 'n verskil te maak aan sy winsgewendheid, kan die dubbeldoel toedeling '70:30 vleis-wol inkomsteverhouding word met heersende pryse. Die Merinoboer wat nie 'n passie vir baie lammers het nie, doen homself baie skade aan en sal moet tevrede wees met 'n lae vleis tot wol inkomsteverhouding en sekere agteruitgang

b) Waarom word aanbeveel om met 'n Merino te boer?
- Aanpasbaarheid: intensief en ekstensief
- Vrugbaarheid: lampersentasie tot 170%
- Dubbeldoeleienskappe
- Moedereienskappe: Hoë speen%
- Voeromset: goeie GDT
- Vleiskwaliteit: sag, gesog en smaakvol
- Wolproduksie en wolgehalte
- Goeie vraag na Merino wol
- Hamelboerdery en Hamellammark
- Doeltreffendste ras vir die omset na vleis en wol
- Nie opblaas op lusern, mielies

Riglyne vir maksimale raspotensiaal

- Bestuurstelsel vir meer lammers
- Bepaal jou doelwitte

Doelwitte
- 120% speen
- 4.5 kg wol per ooi en 3.1 kg vir lammers, tweelinge ingesluit
- Fynheid
- Hoë skoonwol persentasie

Beplanning, Bestuur en Rekords

1) Ses maande voor paartyd

Ooie en ramme: wat is belangrik vir hoë besetting?

Ooie:
- Voedingsstatus 180 dae voor paartyd
- Massaverlies 180 dae voor paartyd
- Jongooie se voedingstatus 6 maande voor eerste paartyd (eiselle en eierstokke neem ongeveer 180 dae voordat dit begin groei en ontwikkel totdat dit gereed is vir ovulasie en bevrug word deur die ram se sperme).
- Speen ooilam wat swak voeding tussen 6-12 maande ontvang het en op 18 maande ingehaal het, het laer lampersentasie as ooilam wat regdeur goed versorg is. 'n Swak versorgde lam presteer oor reproduksie leeftyd tot 50% swakker

2) Ses weke voor paartyd

Ooie:
- Sorg dat al die onderstaande gedoen word:
- Entings (bloednier, bloutong laaste voor 6 weke).
- Doserings
- Skeer en mikskeer
- Vitamien aanvullings (A en B) vir slymvliese. Vit A word in Corpus Lutium gestoor wat help met die aanhegting van bevrugte sel
- Spoorelementaanvullings
- Spaarkampe

Ramme
- Vrugbaarheidtoets
- Dekbehendigheid
- Oefening
- Bloutong, ná die paarseisoen

3) Veertien dae voor paartyd
- Prikkelvoeding: 250-300 gram sjokoladekonsentraat
- Koggelramme vir 9 dae

4) Paartyd
- Handhaaf voedingsvlakke (prikkelvoeding)
- Rustigheid
- Natuurlike paring
  - 2 Siklusse (34 dae)
- Handdekking
- Kunsmatige Inseminasie
- Laparoskopie of Servikaal

5) Tot drie weke na paartyd
- Handhaaf voedingsvlakke (sjokoladekonsentraat)
- Voorkom resorpsies
- Aanhegting vind plaas

John Mellville

Giepie Calldo

6) "Scan" ses weke later
- Vanaf 42 tot 60 dae na opvolgramme uit is
- Tweelinge: eerste en tweede siklus
- Eenlinge: eerste en tweede siklus
- Verkoop droë ooie
- Besluit nou oor lamstelsel
- Aankope van byvoeding vir lamstelsel

7) Middeldragtigheid (± 6 weke later)
- Steeds konstante, goeie voeding
- Plasenta moet goed ontwikkel vir swaar, gesonde, sterk lammers met geboorte

8) Ses weke voor lamtyd
- Opleiding van personeel
- Ontwurm
- Ent bloednier
- Ent pastuerella
- Ent klem in die kaak
- Ent baarmoedersponsiekte
- Spoorelementaanvulling
- Vitamien A aanvulling
- Mikskeer en maak ook uiers en lieste oop
- Voedingsaanpassings na gelang van lamstelsel
- Tweeling ooie: 200 gram/dag en pas weekliks met 50 gram aan
- Eenling ooie: 150 gram/dag en pas weekliks met 50 gram aan
- Die volgende vind nou plaas: 72% fetusgroei; Uierweefselontwikkeling en Primere wolfollikelontwikkeling

9) Lamtyd
- Wees reg vir jou stelsel
  - Meerlinge, Stoet en Jongooie in ***lamhokke***

Afvalhout en –sink is doeltreffend om goedkoop lamhokke mee te bou. Genoeg bedekking (sink of seil) moet beskikbaar wees om die ooi en lammers teen son, wind en reën te beskerm. Die hokke word langs mekaar aanmekaargesit om materiaal te spaar. Dit kan buite opgerig word soos op die foto, of onderdak.

'n Eenvoudige maar doeltreffende waterstelsel met balklep word gebruik om water te voorsien aan die lamhokke. Let op die houtbedekking vir die watertenk om teen son te beskerm, en die spoelpyp wat regs uitloop. Hiermee kan die vuil water uit die drinkbakkies dreineer word sodat skoon water altyd beskikbaar is

Genoeg strooi moet in die lamhokke wees om dit droog te hou

Die lamhokke se gebruikte strooi en mis kan in kompos verwerk word

- Eenlingooie apart (ekstensief)
- Beplan – geen lam mag doodgaan

10) Drie weke na lamtyd

- Goeie voeding: eierstok herstel 180 dae voor paartyd, volgende besettingspersentasie word tot hier bepaal
- Sekondere wolfollikelontwikkeling eindig
- Uitsit ***kruipvoeding*** vanaf 3 weke vir die speen van swaarder lammers

Hierdie kruipvoerstelsel bevat al die nodige: Bedekte voerbak vir die ooie (regs), Omheining met deurkruip afskortings vir die lammers, Selfvoerder vir die lammers se voermengsel , en genoeg skaduwee vir beskutting bo-oor

Die ooie en lammers word gou gewoond aan die stelsel. Dit kan maklik uitgebrei word om voldoende te wees vir groter troppe. Die stelsel moet gereeld nagegaan word om voer aan te vul en seker te maak dat watervoorsiening in orde is

11) Ses to nege weke na lamtyd

- Eerste entings (bloednier – 9 weke)
- Ontwurming
- Vitamine A
- Merk en ***sterte afsit***

'n Gastang is doeltreffend om sterte mee te sny

12) Speen

- Drie weke voor speen: Bek ou ooie uit sodat hulle solank vet raak vir verkoop
- Speenseleksie: uitgooi 15% ooilam
- Uitgooi: 20% as met hammels boer
- Ooilammers nie meer as 300 in 'n trop
- Hamellam mag nie saam met ooilam loop

13) Speen tot jongooi

- Sorg goed deur winter tot 180 dae voor paar

14) Jongooiseleksie

- Vervang 40% van ooikudde
- Verkoop almal wat nie ram vat

15) Hoe vrugbaarheid verhoog kan word

- Sorg goed vir lammers van speen tot eerste paar vir eisel vorming
- Sorg vir tweeling ooie en hul lammers
- Koop altyd meerling ramme
- Prul swak moeders
- Soog en droog: prul ooie wat nie 'n lam met speen soog nie. Elimineer boepens lam se ma deur die lam te los by ooie na speen, vang dan ooi uit na twee weke wat nog soog. Bemark ooi en lam
- Gebruik hoë libido ramme, hulle dek ooie meer kere en hoër eisel afskeiding
- Koggelramme vir 9 dae
- Prikkelvoeding

16) Opsomming

- Speen% is 120+
- Skoonopbrengs (wol) bo 70%
- Vleis- en Wolproduksie optimum
- Wins maksimum !
- Gooi vandag jou 'verskoningsboek' weg en haal die 'planneboek' uit

Skaapjassies is baie doeltreffend om wol te beskerm teen verwering en skoonopbrengs te verhoog. Dit word maklik aangesit of verstel en kan verskeie jare gebruik word voor vervanging